Freddie van Zyl

Lourens Fourie

Christo Potgieter

Boere positief in moeilike tye

deur Liza Burger

Dis droog in die Oos-Kaap. Die meeste boere meen dis die ergste wat hulle nog ooit in hul leeftyd ervaar het en groot afwagting heers om te sien wat die lente gaan bring.

Intussen moet melkbeeste op weidings noodgedwonge gevoer word en die voerprys, insetkoste, die gesukkel en alewige kommer het al meer as een melkboer die afgelope jaar op sy knieë gedwing. Konsolidasie, pennies omdraai en uitslag van koeie wat nie meer winsgewend is nie, is die algemene taktiek om deur hierdie tyd te beur.

En dan is daar die manne wat soos Wahl Bartmann glo aan 'kop af en dryf'. Dis miskien nie die veiligste ekonomiese opsie nie en die risiko's is hoog, maar die beloning is ook groter.

Alta van Zyl, streekskoördineerder van die MPO Oos-Kaap en Liza Burger van *The Dairy Mail* het gaan inloer by 'n paar van hierdie uithou-aanhou-voortbou-boere in die provinsie en is begroet met 'n mengsel van waagmoed, beskeidenheid en versiendheid.

Lourens en Luana Fourie boer naby Kookhuis met 'n totale kudde sowat 1 600 Holstein-Jersey-kruisbeeste. Die plaas behoort aan die Houghamdale Trust waarvan Lourens 50% aandele hou is. Die ander helfte behoort aan Mark Holliday, 'n ervare melkboer van Jeffreysbaai.

Verder noord van Kookhuis boer Freddie en Michelle van Zyl by Visrivier op sy plaas, Bracklyn. Hier is sowat 800 Holsteins waarvan die melkkudde 500 koeie uitmaak.

Aan die kus tussen Alexandria en Boknes boer Christo en Elsa Potgieter saam met hul seun. Die totale kudde van Frieskoeie en 'n paar Jerseys is om en by 1 600.

Hierdie drie plase kom op 'n hele paar vlakke ooreen wat hul kuddes en melkstalle betref – die grootste hiervan is egter dat al drie 'n kans gewaag het in moeilike tye.

Gryp die dag

Christo Potgieter is 'n boer wat beslis sy eie kop volg. Hy weet wat hy wil hê en boer al jare net anderkant Boknes – op sy manier. Hy het die plaas in 1977 by sy pa gekoop en hulle het met 'n klein oorswaai 'n visgraatmelkstal begin. 'n Draaipunt vir die melkplaas het 'n hele paar jaar later gekom toe twee ander boere in die omgewing draaitafels laat installeer het.

"Ons het gaan kyk na hierdie wonderlike manier van melk en het dadelik besluit om ook 'n draaitafel aan te skaf. Dit was natuurlik net nie so maklik soos koop en installeer nie! Eerstens was daar nie geld om die hele projek te finansier nie. Die lening by Landbank sou net die draaitafel dek, nie die gebou of vloere of ander infrastruktuur nie. Net die skoonmaak van die area waar die nuwe melkstal moes staan en die lê van die sementvloer en wag-

area, het baie geld, tyd en harde werk gekos, want ons moes dit self doen," vertel Christo. Die installering van die draaitafel het destyds R1,2 miljoen gekos, maar deur self moue op te rol het die Potgieters hierdie droom verwesentlik.

Vandag doen die Rockwood-60-punt-draaitafel steeds diens en ná sy destydse finansiële dobbelspel met lenings en osse verkoop vir ekstra geld, het hy die vergoeding van 'n leeftyd verseker.

Vennootskap met 'n vreemdeling

Boerdery is maar gewoonlik moeilik. Boerdery met 'n vennoot is gewoonlik nog moeiliker weens wedersydse vertroue en die deel van verantwoordelikhede.

Lourens Fourie het ná jare se gesukkel besluit om die plaas by Boknes in die Alexandria-omgewing vaarwel te roep.

"Dis so moeilik om van een reënbui na die volgende te boer," sê sy vrou, Luana. Sy is verantwoordelik vir die administratiewe take en die weidingsbestuursprogram. Die boekhouding hanteer sy saam met Mark Holliday. "Mark eet syfers vir brekfis en hy help baie wanneer dit kom by die finansiële sy van die boerdery."

Mark is die ander vennoot in die boerdery. Hy is 'n ervare melkboer, oorspronklik van Engeland en boer al baie jare in die Jeffreysbaai-omgewing. Mark en Lourens is deur 'n konsultant voorgestel.

"Ek het 'n belegger nodig gehad om die plaas te help ontwikkel en Mark het grond gesoek vir sy verse," vertel Lourens.

"Ons het maar met 56 koeie begin en vandag is daar so 1 100 in melk. Ons het 'n lang pad gekom sedert daardie eerste ontmoetings toe ek skaars kon glo dat hierdie Afrikanerseun van Vryburg so 'n goeie sakeverhouding met 'n Engelsman kon aangaan. Hy is 'n waardevolle bron van inligting oor besproeiing en is baie betrokke by die plaas wat hy weekliks besoek," sê Lourens. Baie geld en moeite is in die plaas belê om dit een van die top-plase in die omgewing te maak.

Die draaitafel en melkstal het sowat R6 miljoen gekos om op te rig, en nog vier spilpunte is by die bestaande vyf besproeiing-spilpunte gevoeg. Paaie is aangelê en 47 ha se mielies geplant vir kuilvoer.

Die kudde word twee maal per dag gemelk en lewer sowat 23 000 *l* per dag. Meeste van die koeie word gehuur en is Holstein-Jersey-kruisings. "Ek glo daarin dat jy moet boer met die ras waarvan jy die meeste hou. Ons is baie tevrede met ons kruisgeteelde diere."

Een van die groot uitdagings vir Lourens was om weidings onder besproeiing baas te raak. Hy moes eenvoudig die verskille tussen besproeiing en droëland oorbrug en is vandag baie dankbaar oor die moeilike besluit wat hulle 'n paar jaar gelede moes neem.

> **"Ek glo daarin dat jy moet boer met die ras waarvan jy die meeste hou. Ons is baie tevrede met ons kruisgeteelde diere"**

"Dit was my droom om op water te melk," beskryf hy hoe sy huidige situasie verskil van 'n melkplaas met droëlandweidings.

Weidingsbestuur speel nou 'n baie groot rol en 'n bestuursprogram word gevolg om die regte lengte van weidings te handhaaf. Kuilvoer, konsentraat (20% proteïen) en lusern word as byvoeding aangebied, veral in die winter wanneer die kikoejoe en meerjarige raaigras-weidings stadiger herstel.

Lourens betrek graag sy personeel by die sukses wat tot dusver behaal is. Die plaas het 26 permanente werkers en die melkstal-bestuurders, Jannie Fourie en Louis Vosloo, is duidelik trots op wat hulle die afgelope twee

jaar vermag het. Gerard Meiring is die besproeiingsbestuurder en Corlia Meiring sien om na die kalwers.

"Almal het 'n bydrae om te lewer en ons sukses is die resultaat van spanwerk." Lourens is vol moed oor sy toekoms tussen die dorre heuwels buite Kookhuis: "Ons het reeds 'n ver pad gekom sedert Boknes en daar lê nog baie werk voor, maar dis lekker om te weet jy is besig om jou droom uit te leef."

Gaan groot

Freddie van Zyl se plaas, Bracklyn, is 'n ent buite Cradock naby die Visrivier-treinstasie. Was dit nie vir die besproeiingskema se kanaal langs die stofpad nie, sou dit ondenkbaar wees dat enige boerdery – wat nog te sê van 'n melkplaas – hier kon oorleef.

Langs die plaaspad staan 'n troppie droë koeie en verse by krippe en vreet. Van veld of weiding is daar nie meer sprake nie.

"Ons het eintlik 'n gemengde voersisteem wat weiding en volvoer kombineer," verduidelik Freddie. "Moenie bekommerd wees oor die veld nie. So van 15 Augustus sal dit weer groen word, dan is dit die paradys hierdie," sê hy.

Freddie is die uittredende voorsitter van die MPO Oos-Kaap. Hy is ook 'n nuwe pa van 'n dogtertjie wat 'n paar maande gelede gebore is. Benewens pajamaparade is Freddie ook die eienaar van 'n splinternuwe 60-punt-Rockwood-draaitafel en 'n redelike klompie skuld waarvoor hy moet pa staan.

"Ek het 'n klomp nuwe verpligtinge tuis en op die plaas, daarom het ek uit die voorsitterstoel getree. My betrokkenheid by die MPO sal egter nie verdwyn nie," sê hy.

"Dis 'n geleentheid en 'n kans wat ek waag en ek hoop dit draai goed uit, maar daar moet nog baie water in die see loop voordat ek sal kan sê dat hierdie die regte besluit op die regte tyd was," sê Freddie.

Hy bestuur elke faset van sy plaas self – van die kalwers tot die oog wat gehou moet word oor die bouery. "Ek kyk nou daarna om 'n hoofplaasbestuurder aan te stel, want ek hoop om binnekort nog grond te huur." Tans is daar 160 ha onder besproeiing en 'n totale kudde van sowat 800 diere.

Freddie sien uit na die toekoms. "Ek glo dat hierdie area nes die Tsitsikamma kan presteer en daardie toekoms lê dalk nader as wat ons dink."

Sy Holstein-koeie lewer tans (Augustus) 'n stalgemiddeld van 18 *l* per dag en in die somer is dit gewoonlik in die omgewing van 23 *l*.

Byvoeding bestaan uit geelmieliemeel, mieliekuilvoer en lusern. Hy is deel van 'n groep van vyf boere van die omgewing wat self hul melk na die koper vervoer.

Nog 'n verbetering wat hy vir sy melkery beplan is 'n nuwe bestuurstelsel wat die prestasie en voer van sy kudde elektronies sal monitor.

Freddie is beskeie oor die vooruitgang op sy plaas. As 'n mens egter na die klein 12-punt-oorswaai-melkstalletjie langs die nuwe melkstal kyk, is dit maklik om te verstaan dat hy nie die vel wil verkoop voor die beer nie geskiet is nie. Dis 'n groot verandering wat groot uitgawes meebring en baie kan nog skeefloop.

"Ek hoop alles werk uit soos ons dit beplan het. Ons het hard gewerk om hierdie droom 'n werklikheid te maak en glo dat die veranderings tot die plaas se voordeel sal wees."

Dis steeds droog in die Oos-Kaap, maar die hoop beskaam nie. Nie by hierdie drie gesinne nie. TDM

Invordering van **lidvorms**

deur Philip Swart

Die direksie van die MPO het besluit om vir die eerste keer sedert 1992 'n opwaartse aanpassing in ledegeld te doen. Dit opsigself is 'n pluimpie in die hoed van die MPO. Ek wil my verstout om te sê dat daar waarskynlik geen ander lede-organisasie is wat die MPO hierin kan nadoen nie. Sien hiermee saam die feit dat sowat 84% van die huidige aantal melkprodusente lede van die MPO is. 'n Logiese afleiding hieruit is dus dat die MPO as organisasie sy vinger op die pols het en grotendeels aan die behoeftes van sy lede voldoen. Geen organisasie is perfek nie en geen organisasie kan alles vir almal wees nie, maar daar word voortdurend gekyk na wat die MPO as 'n verdere voordeel vir sy lede kan bied.

Met die huidige invordering van nuwe lid-maatskapvorms (met verhoogde ledegeld) gaan dit regtig baie goed. Meegaande grafiek (*Figuur 1*) toon 'n skematiese voorstelling van persentasie-vorms van elke streek wat reeds ingevorder is teenoor die totale aantal produsente wat steeds in die bedryf oor is.

Die kompetisie tussen die Wes-Kaap en KZN is baie sterk en ons is vol vertroue dat dit ook sal oorspoel na die ander streke.

In die proses om die nuwe lidmaatskapvorms vanaf die produsente te kry, was dit noodsaaklik om weer met nuwe fokus deur die bestaande ledelyste te werk. Waar daar drie jaar gelede sowat 3 400 produsente in die land oor was, het hierdie syfer gedaal na die huidige getal van ongeveer 2 700 produsente.

> "Geen organisasie is perfek nie en geen organisasie kan alles vir almal wees nie, maar daar word voortdurend gekyk na wat die MPO as 'n verdere voordeel vir sy lede kan bied"

Dit dui op 'n daling van sowat 20% oor die afgelope drie jaar. Hierdie syfer strook met syfers van die VSA. Daar is 'n daling van 10% per jaar nie buitengewoon nie. Dit sal kortsigtig wees om net na die persentasies te kyk, aangesien die fisiese getalle ter sprake uiteraard dramaties van mekaar verskil (RSA vs VSA).

FIGUUR 1: Persentasie produsente geteken (2010)



FIGUUR 2: Streek as persentasie van totaal ingedien



Met dit in gedagte is die daling van 3 400 na 2 700 regtig kommerwekkend. 'n Hoogleraar aan die Drew Universiteit, dr Leonard Sweet, het die volgende stelling in hierdie verband gemaak: "The future is not something we enter, the future is something we create." Hierdie stelling dra 'n baie belangrike boodskap aan alle rolspelers en belangegroepe binne die suiwelbedryf. Die rooi ligte flikker en die tendens sal omgekeer moet word.

As die redes vir die daling in produsentegetalle soos aangetoon in die VSA ontleed word, stem dit grotendeels ooreen met wat in Suid-Afrika ervaar word.

- Minder, dog groter suiwelplase
- Groter druk op omgewingsbeperkings
- Minder, dog groter kliënte (ketting-winkels)
- Verandering in kliëntevoorkeure
- Groter invloed van wêreldmarkte

Terug by die insameling van lidmaatskapvorms. (*Figuur 2)* toon 'n voorstelling van persentasievorms (per streek tov die totaal) wat reeds ontvang is.

Vanaf die MPO sê ons baie dankie aan elkeen wat reeds sy vorm voltooi en ingestuur het en wil ons graag vir dié van u wat dit nog nie gedoen het, aanmoedig om dit onverwyld te voltooi en in te stuur. TDM

MPO Noord-Kaap optimisties

deur Albie Muller, voorsitter van die MPO Noord-Kaap

Sedert my aanstelling as voorsitter van die MPO Noord-Kaap 'n paar maande gelede, het ek meer blootstelling aan my bedryfsorganisasie gekry en is daar nou 'n rustigheid en dankbare besef oor wat die MPO vir ons as produsente doen. Die vraag oor wat die MPO vir my doen, is in die afgelope ruk deur en deur aan my beantwoord.

Almal by die MPO bring hul kant en mense soos me Barbara Bieldt voer vele gevegte om eerlike, regverdige, gesonde en ekonomies regverdigbare invoere van suiwelprodukte te kontroleer.

Geen bedryfsorganisasie kan pryse bepaal of betrokke raak by prysgevegte nie. Ná jare by die Nasionale Wolkwekersvereniging, weet ek dat ons nooit vir hoër wolpryse kon beding nie. Geen organisasies kan namens hul lede produsentepryse beïnvloed nie.

Ons kan egter die speelveld so gelyk moontlik maak deur byvoorbeeld relevante statistiek op die tafel te sit.

'n Ander onbekende faktor is weerpatrone wat lei tot paniek en onsekerheid oor tekorte of oorskotte. Onrealistiese invoere volg en die melkprys word verdiskonteer.

Dit bring my by die gesindheid en verhouding met melkkopers: Ons in die Noord-Kaap kan spreek van dankbaarheid jeens ons melkkopers soos Wanco Kimberley en DairyBelle in Bloemhof. Lede en melkkopers praat op 'n gereelde basis met mekaar oor die mark en voorkeurprodukte. Melkboere weet dus wat die kopers van hulle verwag en het 'n goeie idee waarheen die fabriek neig wat produkte en volumes betref.

Ná bykans twee jaar se rondvallery is elke melkboer in die gebied nou by die regte melkkoper en het ons 'n stabiele melkvloei tot almal se tevredenheid.

My standpunt is dat die besproeiingsgebied van die Noord-Kaap en veral die Modderrivieromgewing, die klein Tsitsikamma van Suid-Afrika kan word. Dis sentraal geleë, het 'n betroubare voervloei, goeie klimaat en geniet goeie ondersteuning van die plaaslike landbou-ondernemings.

> **“'n Ander onbekende faktor is weerpatrone wat lei tot paniek en onsekerheid oor tekorte of oorskotte. Onrealistiese invoere volg en die melkprys word verdiskonteer”**

Vervoerkoste van ruvoer en mielies na melkboere in die Wes- en Oos-Kaap is duur, terwyl hier mieliekuilvoer, mielies, lusern en katoenpitte op hul voorstoep, oral in die Noord-Kaap, beskikbaar is.

Die Noord-Kaap se potensiaal is nog lank nie ten volle ontgin nie. Ons dag- en nagtemperature is geskik vir volhoubare melkproduksie. Verder is ons baie nader geleë aan die Gautengse mark as die kusgebiede.

Die MPO Noord-Kaap wil sy lede bedank vir hul ondersteuning van die verhoogde ledegeld van die MPO wat na 17 jaar vir die eerste keer aangepas is. Wees verseker dat elkeen op die raad as waghond optree en toesien dat elke bydrae behoorlik bestuur word. TDM

MPO Nuus

Invoere onder die loep

Die MPO het onlangs samesprekings gevoer met Itac (International Trade Administration Commission) rakende laaggeprysde suiwelinvoere en moontlike stappe wat daarteen geneem kan word. Bertus de Jongh, uitvoerende hoof van die MPO, dr Koos Coetzee, hoofekonoom en Barbara Bieldt, bestuurder: Markbeskerming, het die amptenare van Itac ontmoet. Die frekwensie van invoere is sporadies en grootliks beperk tot kaas en melkpoeier wat ver onder die wêreldmarkprys ingevoer word. Die betrokke ambassades is reeds in kennis gestel en daar is ooreengekom dat die saak ondersoek sal word.

Freddie van Zyl tree uit

Johan Strydom

Die voorsitter van die MPO Oos-Kaap, Freddie van Zyl, het tydens die hoofbestuursvergadering van hierdie streek aangekondig dat hy uit sy pos as voorsitter en direksielid tree. 'n Nuwe voorsitter sal waarskynlik in November verkies word. Intussen is Rufus Dreyer om die derde direkteurspos te vul.

Kleinhandel fyn dopgehou

Die bogenoemde vergadering tussen die MPO en Itac het ook aanleiding gegee tot die identifisering van sekere kleinhandelaars wat toenemend suiwelprodukte invoer onder die wêreldprys. Volgens De Jongh is daar opnuut gekyk na maniere om hierdie invoere te beperk en om klagtes direk by Itac te lê. Remediërende stappe soos teenstortingsprosedures en kontrakregte is onder andere bespreek.

"Ons geniet 'n goeie verhouding met Itac en is bewus van die oortreders in die kleinhandel. Laaggeprysde invoere het dalk nie 'n groot invloed op volumes nie, maar het wel 'n invloed op die manier waarop die suiwelmark reageer.

MPO attends Agri SA meeting

The MPO, represented by Dr Nico Schutte, managing director of CenDel and Koos Pienaar, chairperson of the MPO Free State, attended an Agri SA meeting in Gauteng this past week. The Agri SA meeting of its Transformation Committee and the General Council on 19 and 20 July gave feedback on the organisation's approach to government's policy proposals on land issues. The proposed policy changes deal with limitations on private land ownership (land ceilings), a right of first refusal in favour of the state when land is offered for sale, partnerships on state land, the regulation of ownership of land by foreigners and a new land ownership bill.

Nuwe ondervoorsitter MPO Noord

Johan Strydom

Johan Strydom, die streeksvoorsitter van die MPO Noordwes, is in Julie tot ondervoorsitter van die MPO Noord verkies. Hy volg Willem Blaauw op wat 'n ruk gelede uit die pos getree het en sal die voorsitter van die MPO Noord, Joubert Fourie, in sy pligte ondersteun.

MPO discusses imports with USA

Barbara Bieldt, the MPO's manager for market protection and development, met with the ministerial advisor on agricultural matters and other representatives of the USA embassy. The MPO's concern regarding low-priced imports of milk powder and cheese from the USA in particular, was discussed. The MPO explained the current market situation, including the effect of the recent decrease in producer prices, highlighting the fact that low-priced imports are used to force dairy prices lower.

The USA representatives agreed that exporters in the USA should be approached and informed of the negative impact that even small amounts of dairy products, imported at low prices, have on the South African industry. There

MPO Nuus

was consensus that these exporters should be encouraged to find other markets for their products. The MPO will provide information concerning dairy imports from the USA to the embassy on an ongoing basis.

Nuwe MPO-tak in Gauteng gestig

Mandy MacGregor (links) en Rina Belcher

Melkbokboere in Gauteng het onlangs besluit om 'n addisionele tak binne die MPO Gauteng se netwerk te stig. Danie Schutte, voorsitter van die MPO Gauteng-streek en Bertus de Jongh, besturende direkteur van die MPO, het die stigtingsvergadering bygewoon. Die meeste van die lede is kleinskaalse melkbokboere en bokmelkverwerkers. Die tak is die Middelstreek gedoop. Rina Belcher van Belnori Boutique Cheesery is as voorsitter verkies en Mandy MacGregor van Camilla's Farm as ondervoorsitter. Dis boonop die eerste keer in die MPO se geskiedenis dat vroue die voor- en ondervoorsittersposisie gelyktydig vul. Om meer oor die Middelstreek-tak te wete te kom, skakel die MPO Noord se streeksverteenwoordiger, Alta van Zyl by 012 843 5600 of Rina Belcher by 082 377 5698.

MPO KZN road show successful

The MPO paid a visit to 11 venues over four days in KwaZulu-Natal during July as part of the annual road show. The province is home to about 350 milk producers and produces almost 20% of the country's total milk yield. Bertus de Jongh, CEO of the MPO and Dr Koos Coetzee, chief economist of the MPO attended the meetings, which started in Kokstad and ended in Vryheid where they gave feedback on the MPO's achievements of the past year. The meetings were very well attended with discussions focussing mainly on the economic outlook for milk producers and the dairy industry. Producers who attended the meetings also responded positively to a call for renewed MPO membership with scores showing

Ren Stubbs, outgoing branch chairman in Karkloof and Walter Mackenzie (new branch chairman)

Tigger Bryden, Allister McDougall and Anthony Adams in Kokstad

John Moor, newly elected Estcourt branch vice-chairman and Tim Ralfe, re-elected branch chairman

their support for the increased membership fees. Debbie Thomson, area coordinator of the MPO KZN, says the road show was well supported by other role-players in the industry, service providers and stakeholders. These companies gave financial support and sponsored prizes.

Farm attack leaves three dead

During the same week of the MPO KZN roadshow, tragedy struck as yet another farm attack ended in bloodshed. The MPO extended its condolences to the Karg family of Sherwood Farm near Mooi River in KwaZulu-Natal. Loraine Karg (58), Zakhewo Mhlonogo (66) a farm worker, and Hilda Linane (34) a domestic worker, were murdered during an armed robbery on the farm. Neville Karg is one of the top five milk producers in KZN and his son, Brandon, was named 2007 Kwanalu Young Farmer of the Year in the province. Police arrested four suspects and shot and killed one, after an attempted escape.

International honour for MPO CEO

Bertus de Jongh, CEO of the MPO, has been selected as one of the chairpersons to lead discussion sessions at the Joint Milk Marketing New South Wales Industry Summit hosted in Sydney, Australia in November later this year. The session named 'Getting your own house in order', will focus on proactive management issues in the global dairy industry. The summit programme is based on examples of how the dairy industry is applying the key principles of managing issues to protect the industry from potential adverse impacts.

Wêreldsuiwelberaad-planne op dreef

Melt Loubser is tydens 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee van die Internasionale Suiwelfederasie (Sankisf) tot president verkies. Hy volg Manie Roode op wat vroeër uit die amp bedank het. Loubser sal Sampro by Sankisf verteenwoordig. Tydens die vergadering is die voorbereidings vir die 2012 Wêreldsuiwelberaad ook bespreek. Die beraad word vir die tweede keer deur Suid-Afrika aangebied en sal in Kaapstad gehou word. Vanjaar word die Wêreldsuiwelberaad in Nieu-Seeland gehou waar die uitvoerende komitee van Sankisf die beraad sal bywoon.

MPO Oos-Kaap hou kongres

Dèan Kleynhans, Simon Matthews en Freddie van Zyl

Die MPO Oos-Kaap se algemene jaarvergadering en kongres is verlede maand (Augustus) in Port Elizabeth by die Boardwalk Konferensiesentrum aangebied. Die nasionale voorsitter van die MPO, Dèan Kleynhans, het ook die kongres bygewoon. Die joernalis en bydraende redakteur van *Financial Mail*, David Williams, was die gasspreker en het sy perspektief op die huidige politieke situasie gedeel. 'n Voorlegging oor die generiese bemarking van Oos-Kaapse melk en die ontwikkeling van 'n handelsmerk vir hierdie provinsie se melk, is deur die bemarkingsmaatskappy, Boomtown, gedoen. Die vergadering het eenparig die groen lig gegee vir die verdere ontwikkeling van hierdie bemarkingsprojek van die MPO Oos-Kaap.

Nuwe lede vir MPO Oos-Kaap

Die MPO Oos-Kaap se lede is fluks besig om hul ondersteuning aan die organisasie te toon. Tydens 'n besoek aan die provinsie, het die streekskoördineerder, Alta van Zyl, by 'n paar boere ingeloer om die voordele van MPO-lidmaatskap te verduidelik. Een so 'n besoek is aan Christo Potgieter, 'n gesiene boer van die Alexandria omgewing, gebring. Hy en sy vrou Elsa wat naby

MPO Nuus

Boknes met Friesbeeste boer, het ook hul geel lidmaatskapvorm ingevul en opnuut lede van die MPO geword. Volgens Augustus se statistiek het sowat 40% van die Oos-Kaap se melkboere reeds hul MPO-lidmaatskap hernu.

Oorkonde vir boere

Freddie van Zyl, Pierre Hart en Bertus de Jongh

Die MPO Oos-Kaap het twee van sy lede vereer vir hul betrokkenheid en bydrae tot die melkbedryf met 'n oorkonde. Die oorkondes is aan Milo Mills en Pierre Hart oorhandig. Mills se oorkonde is in absentia namens hom deur Simon Matthews ontvang.

CenDel mentor wen toekenning

'n Landwye kompetisie van Eerste Nasionale Bank wat goeie werk onder landboumentors bevorder, het Kotie Annandale aangewys as die Junie 2010-wenner. Annandale is een van die MPO se Sentrum vir Produsenteontwikkeling (CenDel) se mentors en is deur CenDel vir die toekenning genomineer. "Kotie is 'n voormalige melkboer wat sedert 2007 as mentor optree vir opkomende melkboere in Qwaqwa. Die insette wat hy gelewer het by Letta Moloi se boerdery en kleinboerontwikkeling oor die algemeen, spreek boekdele," sê dr Nico Schutte, besturende direkteur van CenDel.

Johan Strydom

Die mentorskap op hierdie plaas het bygedra tot 'n toename in die gemiddelde melkproduksie per koei per dag met 3,12 ℓ en 'n verdubbeling van die melkinkomste.

Free-range regulations considered

The department of agriculture, forestry and fisheries recently made amendments to the draft regulations of dairy products. The regulations are contained in Notice 2581, in terms of the Agricultural Product Standards Act. "The document is currently circulated to the industry for comment," said Barbara Bieldt, MPO manager: Market protection and chair of MPO's technical liaison committee, at which the reconsidered regulations were discussed. One of the aspects that were focused on, is the so-called free-range dairy products and dairy farms.

"The department undertook an investigation on free-range dairy farms and is currently updating clauses with regard to the specifications and standards of these farms and dairy products. An extremely thorough and transparent investigation was conducted, during which producers' needs were also considered."

The Dairy Mail neem afskeid

Agri Connect het in Augustus afskeid geneem van sy advertensiebestuurder, Mabel Schmahl. Edu Roux, Agri Connect se waarnemende hoofbestuurder, sê dit is 'n groot verlies om iemand van Mabel se statuur te verloor."

Mabel was vanaf Februarie 2002 by *The Dairy Mail* betrokke as advertensiekonsultant en het later ook ander tydskrifte van Agri Connect bemark. Adverteerders wat jare lank Mabel se kliënte was, kan steeds uitsien na professionele diens en 'n uitstekende bemarkingsplatform vir hul dienste en produkte gemik op die melkbedryf. Vir meer inligting oor advertensietariewe en -opsies, skakel Agri Connect by 012 843 5600 of stuur e-pos na advertising@agriconnect.co.za TDM

MPO News

Milk Producers' Organisation contact details

MPO chairperson
Dèan Kleynhans
028 452 1769
082 894 0413
dkleynhans@xsinet.co.za

MPO deputy chairperson
Mike Black
033 997 0742
082 773 5161
black_m@iafrica.com

MPO managing director
Bertus de Jongh (MD)
012 843 5600
082 552 0594
bertus.dejongh@mpo.co.za

MPO chief economist
Dr Koos Coetzee
012 843 5600
082 552 6932
koos.coetzee@mpo.co.za

MPO market protection and development
Barbara Bieldt
012 843 5600
083 235 2629
barbara@mpo.co.za

MPO member services
Philip Swart
012 843 5672
082 462 1712
philip@mpo.co.za

MPO member services
Yolanda Strydom
012 843 5607
yolanda.s@mpo.co.za

MPO head office
Tel 012 843 5600
Fax 012 804 4809/11
www.mpo.co.za
General inquiries: info@mpo.co.za

Regional coordinators

MPO Western Cape
Liana Stroebel
084 264 1422
028 424 2890
liana@mpo.co.za

MPO Free State and Northern Cape
Veronica Marais
051 444 4603
083 276 4703
mpovrystaat@ripplesoft.co.za

MPO KwaZulu-Natal
Debbie Thomson
031 781 1135
082 954 0178
debbie@mpo.co.za

MPO North and Eastern Cape
Alta van Zyl
012 843 5600
082 569 1409
alta@mpo.co.za TDM

Tendense

Wêreldekonomie groei vinnig

deur Koos Coetzee

Die internasionale en Suid-Afrikaanse ekonomie is terug in 'n groeifase. Hierdie groei is egter onderhewig aan groot onsekerhede. Dit lyk egter asof die verbruiker terug is in die winkels.

Internasionale ekonomiese tendense

Die wêreldekonomie het daarin geslaag om homself uit die diep resessie wat in 2008 begin het, te spandeer. Soos elke boer egter weet, is dit eintlik onmoontlik om jou uit jou moeilikheid te spandeer. Een of ander tyd moet die oorspandering reggestel word. Vir baie ontwikkelende lande het die regstelfase nou aangebreek. Verskeie ontwikkelde lande, nou ook bekend as die PIGS (Portugal, Ierland, Griekeland en Spanje), is tans in groot finansiële moeilikheid. Streng finansiële dissipline gaan nodig wees om hulle uit die skuldstrik te kry. Die groot onsekerheid in die wêreldekonomie tans is of die PIGS daarin gaan slaag om binne die geprojekteerde besteding te bly.

Ten spyte hiervan is die IMF steeds optimisties oor groeivooruitsigte vir 2010 en verder.

Dr Koos Coetzee

In die pas gepubliseerde *World Economic Outlook Update*, projekteer die Internasionale Monetêre Fonds dat die globale ekonomie met 4,5% in 2010 en met 4,25% in 2011 gaan groei. In die eerste kwartaal van 2010 is groei van meer as 5% internasionaal gemeet. Sterk groei in Asië was die hoofdrywer, hoewel die verbetering in verbruikersvertroue en 'n matige

FIGUUR 1: Internasionale BBP-groei per kwartaal



Bron: IMF World Economic Outlook Update, Julie 2010

verbetering in indiensneming ook 'n rol gespeel het en veroorsaak het dat vraag in ontwikkelde lande gestyg het.

Matige groei word vir ontwikkelde lande voorspel. Die verloop en verwagte verloop van ekonomiese groei vir ontwikkelde en ontwikkelende lande word in *Figuur 1* aangedui. Die positiewe verwagtinge is getemper deur kommer oor die volhoubaarheid van fiskale maatreëls, behoud van regerings se groeistimulerende beleid en toekomstige groeivooruitsigte.

In Mei het die kommer sterk na vore gekom veral as gevolg van kommer oor die vermoë van ontwikkelde lande soos Griekeland om reusestaatskuld te hanteer. Dit het na die banksektor in Europa oorgespoel. Toenemende risikovermyding het tot 'n daling in batepryse in ontwikkelde lande gelei. Skerp bewegings is in valuta-, aandele- en kommoditeitsmarkte ondervind. *Figuur 2* dui die beweging in enkele aandele-indekse vanaf 1 Januarie 2010 aan.

Die finansiële turbulensie kan moontlik oorspoel na die ware ekonomie toe. Banke kan die aanbod van krediet verminder as gevolg van groter

FIGUUR 2: Aandele-indekse, Januarie – Julie 2010



Bron: IMF World Economic Outlook Update, Junie 2010

onbestendigheid en stygende finansieringskoste, veral in Europa. Swak verbruikers- en sakevertroue kan daartoe lei dat privaat besteding en belegging onderdruk word. Die laer risiko-aptyt mag daartoe lei dat kapitaalvloei aanvanklik daal, maar indien groeivooruitsigte sterk bly en publieke skuld daal, mag die vloei van kapitaal veral na ontwikkelende lande toeneem. Die IMF verwag nie dat die huidige Europese krisis groeivooruitsigte veel gaan benadeel nie.

In die Euro-gebied mag die krisis lei tot 'n 0,25-persentasiepunt-daling in ekonomiese groei in 2011. Ekonomiese groei in die Eurogebied vir 2010 is, ten spyte van die finansiële krisis en grootliks te danke aan die skerp groei in Asië, opwaarts aangepas van die 2,25% wat in April in die vooruitsig gestel is na 2,5%. In 2010 en 2011 word globale groei van 4,6% en 4,3% verwag.

Suid-Afrikaanse ekonomiese tendense

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is sedert die laaste kwartaal van 2009 weer in 'n positiewe groeifase. Die ekonomie groei met 4,6% in die eerste kwartaal van 2010, vergeleke met 3,2% in die laaste kwartaal van 2009. In 2009 het die ekonomie met 1,8% ingekrimp. Die groei in die eerste kwartaal van 2010 is sterk deur die groei in mynproduksie en tot 'n mindere mate in vervaardiging gedryf.

Konjunktuurgolfaanduiders soos die Reserwebank se leidende aanduider van ekonomiese aktiwiteit dui ook aan dat die ekonomie in 'n opswaaifase beweeg.

Die verbruiker het 'n paar moeilike jare beleef. Die besteebare inkomste per capita daal vanaf 2008 tot 2009 met 2,7%. Skuld as persentasie van verbruikers se besteebare inkoste styg tot 80,6% in 2008. Skuldvlakke daal marginaal daarna tot 78,4% in Januarie 2010.

Werkloosheid het in 2007 tot 2009 met 1,8%, 2,9% en 3,0% gestyg. Daar is aanduidings dat die koers van toename in werkloosheid in die laaste kwartaal van 2009 effens afgeneem het. Kommer heers egter oor die effek op veral die konstruksiebedryf sodra die laaste van die 2010-sokkerprojekte afgehandel is. Ons is tans in die loononderhandelingsperiode en dit lyk asof die meeste loonskikkings teen veel meer as die inflasiekoers gesluit word. Dit behoort die verbruiker se situasie verder te verbeter.

Kleinhandelverkope daal vanaf Februarie 2008 tot Januarie 2010. Sedertdien groei kleinhandelverkope matig. Jaar-op-jaar-groei bereik 4,8% in Mei 2010. Kleinhandelverkope is gestimuleer deur die effense verbetering in skuldvlakke asook die daling in rentekoerse van vyf persentasiepunte. Eiendomspryse het ook effens gestyg en sal verdere verligting vir verbruikers bring. Inflasie is steeds op relatiewe lae vlakke en die sterk rand behoort die styging in ingevoerde inflasie vir die nabye toekoms in toom te hou. TDM

MPO tegnologie-oordrag

Die Melkprodusente-organisasie (MPO) se Instituut vir Suiweltegnologie (IST) tesame met sy vennote, voorsien landwyd die nuutste inligting en tegnologie aangaande melkbeesboerdery aan kommersiële melkprodusente. By die suiwelinligtingsdae word tersaaklike en nuwe inligting aan-

1 Dr Faffa Malan (IST, regs) verduidelik die beginsel van interneparasiet-weerstand aan Wayne McNamara (Afgri)
2 Dr Faffa Malan (links) verduidelik en demonstreer op Nico Röntgen (Afgri) die toestand van anemie (bloedarmoede) by diere
3 Studente Elias Langa (links) en Breggie van Breda (regs) ontvang hulle sertifikate in Dieregesondheid van dr Faffa Malan
4 Registrasie van melkboere by die inligtingsdae
5 Dr Faffa Malan demonstreer die webwerf **landbou.com** aan persone
6 Melkboere luister na lesings

Melk SA opleiding

gaande melkgehalte, dieregesondheid, reproduksie, voeding, weiding en melkwinning voorsien. Werkers van kommersiële melkprodusente word opgelei in melkhigiëne, melkwinning, hittewaarneming en dieregesondheid. Skakel Jas Wasserman vir werkeropleiding by 082 490 2465 of jas@mpo.co.za

7

8

9

10

11

12

7 Opleiding van melkplaasassistente
8 Instrukteur Justice Mathebula (staande) besig met opleiding
9 Registrasie van studente
10 Instrukteurs Justice Mathebula (links) en Justice Phaahla (regs) verduidelik konsepte aan werkers
11 Instrukteur Hezekiel Matlamela demonstreer hoe 'n kalf gedoseer word
12 Riviersonderend: Instrukteur Hezekiel Matlamela verduidelik die belangrikheid van die korrekte voer aan studente TDM